

7 Januarie

**Skrifgedeelte: Levitikus 11 (OAV)
Fokusgedeelte: Levitikus 11:44,45**

Wees heilig in alles!

Baie “Christene” is eintlik maar net “Sondag-Christene”. Jy gaan kerk toe maar van Maandag af is jy nie te onderskei van al daardie mense wat by die kerkdeure verbyloop nie.

As ons nou hierdie vreemde hoofstuk uit Levitikus met sy lang lys van veral onrein diere lees, moet ons dit maar onthou: God is altyd en oral daar en ons verkeer ook altyd en oral in sy diens en in sy teenwoordigheid! Daarom moet ons ons afskei van ‘n ongelowige. Ons is nie van nature beter as ander mense nie, maar ons is uit genade wel anders as ander mense.

En dit wil hierdie lys van Levitikus 11 by Israel tuisbring. “Julle is anders, julle is heilig omdat julle die volk is van die heilige God van hemel en aarde”. Van baie van die genoemde onrein diere uit hierdie lys weet ons dat hulle by die heidense volke rondom Israel óf vereer, óf gevrees word as wesens met goddelike of demoniese kragte.

Sommige diere het dus die een of ander verbintenis met afgodery. Dit is vir die Here ‘n gruwel en moes dit dus ook vir sy volk wees. God se verlossingsmag strek verder as aardse bevryding uit die Egiptiese slawediens. Hy lei ons ook uit die slawehuis van die sonde ter wille van die offer van Christus. Ons moet steeds in ons daaglikse lewe anders wees, want ons behoort aan ‘n heilige God!

Sing: Psalm 99:3,4

Ds LH Stavast (Emeritus)